

**28 September**

**Skrifgedeelte: Jakobus 3:1-12**  
**Fokusgedeelte: Jakobus 3:10b (NAV)**

**Pasop dat hulle nie slegte getuienis ontvang as julle jul tonge verkeerd gebruik nie**

Ons tonge oefen geweldig baie invloed uit. Dink maar net hoeveel keer hoor ons dat iemand sê: “Ek kon my tong afgebyt het” of: “As ek eerder my groot mond gehou het!” In ’n oomblik vervies ek my en sê ek iets wat ek nooit moes gesê het nie en as gevolg daarvan ly my verhouding met ander groot skade.

Die drie beelde wat Jakobus gebruik van die stang in die bek van die perd en die roer van ’n skip en die klein vuurtjie wat ’n groot brand aansteek, beskryf treffend die groot mag en invloed wat ons tonge uitoefen. Hoe klein is die roer van die skip in vergelyking met die skip en tog stuur die stuurman die skip daardeur net waarheen hy wil?

Ons tonge het baie mag, maar tog het dit nie onbepaalde mag nie. In ons fokusgedeelte hoor ons die oproep: “My broers, so moet dit nie wees nie.” Uit dieselfde mond moet daar nie lof en vloek kom nie. Ons tonge moet nie twee verskillende, uiteenlopende tale praat nie. Uit dieselfde mond moet daar nie lof en vloek kom nie, want dit is vir ’n gelowige net so onnatuurlik soos wat dit sou wees om uit dieselfde fontein vars en brak water te kry en om aan dieselfde boom op die een oomblik vye en die volgende oomblik olywe te kry.

Lof en vloek uit dieselfde mond is vir ’n gelowige onnatuurlik, omdat ons deel in Jesus Christus se oorwinning. Hy het ons van die skuld van die sonde en van die mag van die sonde verlos, ook die mag van ons tongsondes. Moet daarom nie lof en vloek nie. Dit pas nie by jou as gelowige nie, by jou in wie die Gees van God woon en werk. Dit is onnatuurlik en daarom gee dit ’n slegte getuienis aan die wêreld.

*Sing: Psalm 19:4, 7 (1936)*

*Ds. ASA de Bruyn (Wilropark)*